

**29 Maart**

**Skrifgedeelte: Genesis 49:29-50:26**

**God loop die lewenspad saam met sy kinders, vir hulle ten goede**

Met Genesis 50 het ons aan die einde gekom van Jakob en Josef se lewensverhale. Dit is twee verhale wat vertel dat God 'n pad met sy kind loop. Elke gebeurtenis in Jakob en Josef se lewens was net nog 'n tree op daardie pad. Op dié pad laat God sy kind nooit alleen nie. Dit mag soms lyk of God afwesig is, maar agter die skerms is Hy aan die werk. Deur loutering en lyding heen verander Hy sy kind. Uiteindelik laat God elke ding wat gebeur, ten goede meewerk. Josef sê dan ook: "Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen" (Gen 50:20).

Die vraag is of God ook so by hulle nageslag sal wees. Hierop antwoord Josef dat God na hulle sal omsien (Gen 50:24). God het dan ook met Jakob se nageslag 'n pad geloop. Daarvan vertel die res van die Ou Testament.

Ons glo dat God in sy voorsienigheid ook met elkeen van ons 'n pad loop. In Sondag 10 bely ons dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare jare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles nie toevallig met ons gebeur nie, maar deur God uit sy vaderhand aan ons gegee word. Op grond van sy liefde wat Hy in Christus so oorvloedig aan ons bewys het, glo ons dat niks ons van sy liefde kan skei nie. Mag Jakob en Josef se lewensverhale ons geloof hierin versterk.

Sing: Psalm 23:1

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)